LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

# Goedes Nuusbrief



NUUSBRIEF 13/2026

## Mnr Gawie sê sy sê...Avodah

Ons vergeet soms elkeen, ons is gekies. Elke persooon is met die vermoë geskape om sy/haar eie besluite te neem volgens elkeen se vermoë. Dis is egter nie al nie. Behalwe dat ons self kies, is ons ook gekies. Hier waar ek vandag sit in my kantoor, voor my rekenaar, is nie blote toeval nie, maar die gevolg van 'n besluit, nie net myne nie, God sin ook. Ons elkeen is gekies, maak nie saak waar ek myself bevind nie. Ons omstandighede is soms die gevolg van ons eie keuses, maar die feit dat God my gekies het, in die situasie waar ek vandag is, staan soos 'n paal bo water uit. God het my nie net gekies waar ek in die situasie is waar ek my nou bevind nie, Hy het my gekies om hier 'n werktuig vir Hom te wees. Ons is basies met een doel geskape, en dit is om Hom te verheerlik in dit wat ek doen. Die woord "avodah" is Hebreeus vir werk en aanbidding. In die ou testament het hulle nie 'n woord gehad vir werk nie omdat werk vir hulle 'n manier van aanbidding was. Wanneer ek soms wonder hoekom ek hier is, weet ek daar is 'n plan en 'n doel met alles. Al weet ek dit nie nou nie, is dit ook nie altyd my verantwoordelikheid om te weet hoekom nie. My verantwoordelikheid is om te weet, daar waar ek agter my rekenaar sit, in 'n vergadering is, besig om met mense te werk of iets aan mekaar te sit, doen ek dit tot eer van die Here.

## Goegieland

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike reëlings:
**FOTODAE:**
22 April 2026 (Woensdag) - Graad 000 & 00
23 April 2026 (Donderdag) - Graad 0
Kleredrag: Enige pastelkleure
Hare: Seuns: Hare mag gegel wees
Dogters: Mag met los hare skool toe kom - stuur asb. 'n borsel en rekkies saam vir die res van die dag.
**KLERE EN GEREEDHEID:** Maats moet asseblief soggens warm aantrek in die koeler weer. Stuur asseblief kinders skool toe met skoene aan. Maak ook seker dat skooltasse groot genoeg is om alle besittings netjies te bêre.
**LANGNAWEEK:** Onthou, dit is langnaweek volgende naweek en die skool sal vroeër sluit. Sluitingstye sal op die klasgroep deur gegee word.
Groete uit Goegieland

## Week se Program

### 20 April 2026

- **Drama Internekompetisie Seniors**

### 22 April 2026

- **Goegieland Individuele Foto's Gr. 000 & 00**
- **ATKV Redenaars**
- **Drama Internekompetisie Juniors**
- **Skaak te LS Onverwacht**

### 23 April 2026

- **Goegieland Individuele Foto's Gr. 0**
- **Netballiga vs LS Ermelo (Tuis)**

### 25 April 2026

- **Bergfietskliniek**

## Eksamen

Die kwartaal het met 'n spoed begin en ons is steeds dankbaar dat dit met ons goed gaan. Elke week wat verloop het bring ons nader aan die einde van die kwartaal waar ons verantwoording moet doen vir die kwartaal se werk. Om die rede is dit belangrik dat ons van die begin af ons kant bring in die klaskamer en ander plekke waar ons verantwoordelikheid het. Die klein dissiplines van elke dag maak dat ons op hoogte bly en goed kan presteer. Ons wil graag aan u 'n eksamenrooster voorsien, ongelukkig het ons nog nie die rooster ontvang nie. Sodra ons meer inligting het, deel ons met u.

## Drama

Baie sterkte aan die Dramaklub-leerders wat volgende week aan die Interne Dramakompetisie deelneem. Senior Interne kompetisie vind plaas op Maandag, 20 April 2026 in die skoolsaal. Ons begin stiptelik om 17:30. Junior Interne kompetisie vind plaas op Woensdag, 22 April 2026 in die skoolsaal. Ons begin stiptelik om 18:00 met die Graad 0- en Graad 1-leerders. Graad 2- en Graad 3-leerders begin om 19:00. Verdere reëlings rondom die kleredrag ens. word op die groep deurgegee.



## 24 April 2026 – Langnaweek

**Skool sluit om 12:00 vir die langnaweek!**

## Rugby Super 12-wenner




## Rugby

Die volgende seuns is verkies tot die Gert Sibande streekspanne. Baie geluk manne, ons is trots op julle!

**o/13-span**
Johandré Viljoen
Jayden v Aswegen
Zian Mocke
Daantjie Lesch
Jeandré Oosthuizen
Jayden Ferreira
Dian Viljoen
Nico vd Westhuizen
CJ Meyer

**o/12-span**
HW Meyer
Clayton Schreuder
AJ van der Merwe







| 20 Apr | 21 Apr | 22 Apr | 23 Apr | 24 Apr | 25 Apr | 26 Apr |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Mia Mckenzie<br>Rebecca Landsberg<br>Claire v Dyk | | Elmore Viljoen<br>Aiden Kilian<br>Zoey Engels | Minette Bezuidenhout | Leam Paulsen<br>Lucas Jansen | Mikayla Booyens<br>Liam Burr-Dixon<br>Zian Jansen<br>Franco Liebenberg<br>Mika Adams | Cara Meiring<br>Carlize De Bruto<br>Alex Wieczorkiewics<br>Lanycke v Heerden |

# Bergfiets

Saterdag, 11 April 2026 was die tweede XCO-ligafietswedren te Klipspringer in Nelspruit. Van klippe was daar baie, en ons het net weer gesien dat sukses nie noodwendig gemeet word aan die posisie wat jy behaal of die verbetering op jou tyd nie. Elke baan het sy eie uitdagings, net soos elke dag in jou lewe. Dus, is sukses die oomblik wanneer daar oorwinning is. So, hoe ons 'n krisis bestuur, kan ook suksesvol wees! Ons is trots op ons ryers, wat elkeen persoonlike oorwinnings behaal het!

**Nipper seuns (o/ tot o/10) Volgens kategorie (5.7km)**
Stephen Mouton - 3de
Erik du Plessis - 4de
Janco Kruger - 8ste
Tristan van Schalkwyk - 16de
Francois du Plessis - 20ste
Xander Vermaak - 31ste

**Nipper dogters (o/9 tot o/10) Volgens kategorie (5.7km)**
Tracy Booyens - 8ste

**Sprog seuns (o/11 tot o/12) (7.6km)**
JR Jansen van Vuuren - 22ste

**Sprog dogters (o/11 tot o/12) (7.6km)**
Marisa Mouton - 4de
Mikayla Booyens - 9de

**Sub-Junior seuns (o/13) (14.4km)**
Sebastiaan Matthee - 12de
Carter Brown - 16de




# Landloop

Baie geluk aan al ons landloopatlete wat die naweek aan die Sasol-klubbyeenkoms deelgeneem het! Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle se harde werk en deursettingsvermoë. Julle het ons skool pragtig verteenwoordig. Ons sien met groot opgewondenheid uit na die seisoen wat voorlê!




# Skaak

Maandag 20 April 2026 begin die skaakoefening vir hierdie kwartaal weer in alle erns. Woensdag, 22 April 2026 vind die volgende vriendskaplike skaaktoernooi by LS Onverwacht in Kriel plaas. Onthou dat ons slegs 5 spelers per ouderdom kies om daaraan te gaan deelneem. Hou asseblief die kwartaalprogram en d6 dop vir belangrike skaakinligting. Op 6 Mei 2026 bied ons hier by LS Goedehoop die volgende vriendskaplike toenooi aan. Ons sal laat weet watter leerder daaraan gaan deelneem. Die Super 12-spanne sal binnekort aan u bekend gemaak word. Daar is nog 'n paar leerders wat teen mekaar moet uitspeel, daarom is dit uiters belangrik dat leerders getrou oefening sal bywoon. Die Super 12-skaaktoernooi vind op 16 Mei 2026 by Soltech kampus plaas. Meer inligting sal later met u gekommunikeer word. Ons sien uit na 'n opwindende skaakseisoen wat voorlê. Go Goedehoop!

# Landloop

Baie geluk aan al ons landloopatlete wat die naweek aan die Sasol-klubbyeenkoms deelgeneem het! Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle se harde werk en deursettingsvermoë. Julle het ons skool pragtig verteenwoordig. Ons sien met groot opgewondenheid uit na die seisoen wat voorlê!




# Dankbaarheid

Ons is hierdie week dankbaar dat Jesus aan die kruis vir ons gesterf het en vir ons hoop en nuwe lewe gebring het. Ons is ook dankbaar dat God ons elke dag lei en help om die regte keuses te maak.

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

# GESOEK

## GOEDEHOPERS 2027

WAAR
KLEIN
SPORE



GROOT
PAAIE
WORD!

**INLIGTINGSAAND**

## 4 JUN '26

**18:00 SKOOLSAAL**

LAERSKOOL GOEDEHOOP

## OPEDAG

## 5 JUN '26

**14:30 TOT 17:00**

**KONTAK JUANITA BY 083 589 8026 VIR ENIGE INLIGTING**